

Volharding

Uittreksel van Pastoor se boodskap: B135a Eng/Afr.

Skriflesing uit Matt. 24: 1-14

Kernvers: 13 – ‘Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.’

Wanneer ons na die geskiedenis van die Bybel kyk, regdeur die profete, die Nuwe Testament, na die lewe van die Here Jesus en die apostels; almal wat ons vooruitgegaan het, sien ons dat een van die uitstaande kenmerke van die geloofspad is volharding – om te kan staande bly tot die einde toe!

Dié pad wat ons sal moet loop totdat ons daardie dag ook in die veilige hawe van God se Koninkryk sal invaar en ons bootjie deur al die storms heen veilig sal wees. Totdat ons egter daar kom is dit ‘n reis van volharding en uithou vermoë.

So min van die Here se kinders besef dit en gooi dan so maklik tou op en sak uit langs die pad. In die eerste 12 verse gee Jesus vir ons die tekens wat Sy Wederkoms vooraf sal gaan – sommige waarvan al van die vroegste tye af gebeur het, maar nou begin intensifiseer.

Wanneer jy die koerant oopmaak of na die nuus luister, is dit meestal slegte nuus: dis moord en doodslag, terrorisme, aanrandings, en dies meer. Dit het al ‘n huishoudelike woord geword en dit is asof dit die meeste mense nie meer kan roer nie, en dit is hierdie dinge wat die mensdom in ‘n toestand van moedeloosheid bring. Selfs ‘n toestand van afvalligheid – maar dit is reeds dié dinge wat Jesus gesê het dat wanneer dit gebeur, ons moet weet dat die einde naby is.

Omdat die wetteloosheid vermeerder sal die liefde van die meeste verkoel; een van die simptome van hierdie tyd. Mense het nie meer daardie volharding om ‘n ding deur te sien nie. Ons het weer die gloed en die blydschap van ‘n visie nodig. Die kind van God moet soos ‘n oase wees in hierdie woestyn, ‘n ligpunt wees in ‘n donker wêreld....en dít verg volharding!